Publication: Landbouweekblad
Date: Friday, August 23, 2019
Page: 26

LBW | RUBRIEK **GELDBEPLANNING** | NICO VAN GIJSEN



Beplan vir jou eie omstandighede

Die publiek moenie net enige persoon as hul finansiële beplanner gebruik of vertrou nie. Maak seker die persoon het die nodige kwalifikasies en is by die regte professionele organisasies geregistreer. Só kan jy jouself en jou naasbestaandes baie onnodige leed spaar.

Dit is al baie gesê: "As mense weet wat 'n kundige finansiële beplanner vir hulle kan doen, sal hulle in rye voor sy of haar deur gaan staan."

Die probleem is egter dat die finansiële beplanningsomgewing so besoedel is met ongebreidelde produksmousery, pleks van omvattende finansiële beplanning, dat ek mense nie kan verkwalik dat hulle verward is en gevolglik verkeerde besluite maak nie. Dit is natuurlik tot nadeel van hulself en hul geliefdes.

Gepaardgaande hiermee is die titels wat finansiële raadgewers, makelaars en agente vir hulself toeëien. Elkeen kan hom- of haarself 'n finansiële beplanner noem en dit skep uiteraard verdere verwarring.

Die finansiële beplanningsinstituut (FPI) het 'n alleenreg op die sertifisering van die CFP®- en RFP™-betitelings in Suid-Afrika. Dit word erken deur die wêreldwye Financial Planning Standards Board (FPSB). Kliënte en voornemende kliënte kan met vertroue sake doen met 'n persoon met dié titel, wetend hy of sy beskik oor die hoogste vlak van kundigheid. As lid van 'n professionele organisasie moet die persoon ook aan baie hoë standaarde voldoen wat betref etiese en dissiplinêre verantwoordbaarheid.

Die "finansiële beplanner" alleen is egter nog nie in wetgewing vasgemaak nie. Ek sien ook daar is deesdae mense wat hulself 'n "senior finansiële beplanner" noem, asof hulle 'n hoër posisie beklee. Dit is nie so nie. Jy (as die kliënt) word om die bos gelei. Daar is wetgewing aan die kom, maar as die persoon nie intussen die volle Gesertifiseerde Finansiële Beplanner (Certified Financial Planner® of CFP®) agter sy naam kan skryf nie, is hy nie só gekwalifiseer nie. Punt.

Ek weet baie finansiële raadgewers het hulself nog nie ten volle bekwaam nie, maar doen goeie werk vir hul kliënte. As jy egter moet kies, sal ek aanbeveel jy kies iemand met die titel CFP® of RFP™.

Net nog iets: Wees baie versigtig, of probeer dit eerder vermy, om sake te doen met mense wat sogenoemde "gratis" finansiële beplanning doen. Daar is altyd die verkoop van iets op pad en nie noodwendig iets wat tot jou finansiële voordeel gaan strek nie.

Dit bring my by die finansiële produkte, naamlik polisse (soos lewens-, ongeskiktheids- en gevreesde-siekte-polisse) en spaarprodukte (soos uittree-annuïteite), uitkeerposlisse en dies meer. Dit is produkte, oplossings vir finansiële behoeftes. Dit is nie 'n ding wat jy sommer koop sonder om te weet waar dit inpas by jou holistiese finansiële plan nie.

Ignoreer dus gerus die aanbiedings van versekeraars wat lewensdekking smous met geldterug-"waarborge" en tientalle ander foefies. Dit is gewoonlik 'n spul twak of sommer net boerebedrog.

En goedkoop polisse? Al die versekeraars werk in presies dieselfde risiko-omgewing. As een se premies baie goedkoper is as dié van 'n ander, moet jy die fynskrif baie, baie goed lees, want êrens is beperkings op uitbetaling ingebou. Of dit is sommer net 'n vangplek.

Hoe moet jou beplanning dus lyk?

Jou beplanning moet aan jou vereistes, behoeftes en omstandighede voldoen. Daar is nie een soort finansiële beplanning wat almal pas nie. Jy moet sorg vir jou naasbestaandes deur middel van risiko-polisse vir doodgaan, ongeskik raak of siek word.

Jy moet egter ook ingelig wees en beplan vir wetlike vereistes en risiko's. Byvoorbeeld, as jy dink jy het voorsien, maar jy het nie. Dit kan gebeur met 'n uittree-annuïteit wat ná dood kan uitbetaal aan iemand anders as wat jy in gedagte gehad het. Daar kan ook 'n eis van 'n kind of langslewende gade wees.

Belasting is nog 'n finansiële risiko; nie net inkomstebelasting nie, maar ook ander belastings wat al jou geldelike planne deurmekaar kan krap. Jou testament is baie belangrik, want dit moet alles bymekaar trek.

Daarom sê ek weer: Finansiële beplanning gaan om die geheel van jou geldsake en nie die stukkies daarvan nie. **LBW**

Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.

NAVRAE: Nico van Gijsen, e-pos: **nico@finlac.com, 021 461 2067**.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.